Voorsittersverslag van die Stellenbosch Moederkerk Beursfonds 2016

Inleiding

Die Moederkerk Beursfonds is ’n onderafdeling van Stellumthombo, die Stellenbosch NG Kerk se pas gestigte Maatskappy sonder Winsbejag, wat op opvoedkundige hulp aan die brose jeug binne ons samelewing konsentreer. Dit is baie méér as bloot ’n fonds wat studente geldelik ondersteun. ’n Span van agt aktiewe mentors en nog sowat vier bykomende bestuurslede (met as genote die Jamestown Musiekgroep-mentors) ondersteun sowat 43 behoeftige studente en leerders met beide akademiese en maatskaplike begeleiding en hou steeds kontak met sowat 25 van die bykans honderd vorige kandidate wat reeds (merendeels suksesvol) deur die Fonds ondersteun is. Die mentors word deur baie studente beskou as surrogaat-ouers.

Oor die studente

Tans word sowat 36 studente en 7 leerders ondersteun, met die vooruitsig van ten minste nog 5 (of meer) in 2017. Die kriterium vir hulp aan ons studente is nie die student se akademiese prestasie nie, maar finansiële behoefte, entoesiasme en deursettingsvermoë. Die oorgrote meerderheid van hierdie studente is weeskinders, of die kinders van enkelouers; die grootste persentasie is reeds ingeskryf by verskillende kolleges of universiteite, maar sowat tien is óf nog op skool, óf het nog nie met ’n kursus begin nie, maar word tans gehelp met studie-aansoeke vir 2017. Van hierdie het verskeie intussen met die Beursfonds se steun ’n rekenaarkursus by die Matie Gemeenskapsdiens voltooi. Vir ses (leerlinge by die *Jamestown Sounds* musiekgroep) is slegs hulle UNISA of *Trinity* musiekeksamen-fooie betaal. Hierdie ses en twee ander is Afrikaans-sprekend; die res byna deurgaans Xhosa- of Sothosprekend, een is Venda-sprekend en twee kom van Zimbabwe (Shona-sprekend), almal dus met Engels as tweede taal. Ons poog om sover doenlik alle sibbes binne ’n bepaalde gesin te help. Dertien studente het óf vanjaar reeds klaargemaak of maak aan die einde van 2016 klaar.

Kursusse

Nie alle studente is universiteitsmateriaal nie en, benewens UNISA, UWK, KSUT en US, volg van hulle kursusse by *The College of Cape Town*, die Northlink-, Boland- en Hugenote-kolleges, asook verskeie SETA’s of ander opleidingsinstansies. Van die kursusse wat gedek word, is onder andere Maatskaplike Hulpwerker-Sertifikaat, Gasvryheidstudies, Ingenieurswese, Wiskundige Tegnologie, Teologie, Voedseltegnologie, Mediese Biochemie, Sekuriteitstudies, BComm, BA (Tale), Inligtingstegnologie, Verpleging of Hulpverpleging, Logistiek, Elektrisiëns-diplomas, sake-diplomas, en musiek. Twee volg internskappe by die Amy Bihl-stigting en een by die *Chrysalis Academy*.

Die aard van die finansiële hulp

Tradisioneel betaal die beursfonds nie studente se klasgeld nie, maar wel aansoekfooie, registrasie- en boekegeld, vervoer en kos. Tog is daar enkele uitsonderings, waar die staatslening (NSFAS) in ’n bepaalde jaar nie toegeken is nie, of as die tipe kursus nie deur NSFAS ondersteun word nie. Verder het ons vanjaar besluit om diegene wat dit benodig, ook van ’n skootrekenaar te voorsien. Soms word klerasie ook verskaf (warm jasse, sambrele of uitrustings vir bepaalde opleidingskursusse soos verpleging, of netjiese klere as ’n afgestudeerde begin werk). Daar is nie ’n vasgestelde bedrag wat sonder oorleg aan almal uitgedeel word nie, maar elk kry ondersteuning volgens behoefte (en ook met inagneming van die aard van huislike steun al dan nie wat ’n bepaalde student geniet). Sommige kry maandeliks ’n toelaag (tussen R250 en R1400 per maand, na gelang van behoefte); ander moontlik drie of vier keer per jaar ’n enkelbedrag om ’n bepaalde behoefte te dek. Die Fonds probeer (soos welgestelde ouers dit ook sou doen) om ook aan geleentheids-versoeke te voldoen, soos om te betaal vir motorbestuurslesse en -toetse , as ’n student dit vir ’n potensiële werk benodig, of selfs vir reise na die begrafnis van ’n nabye familielid (’n allesoorheersend belangrike vereiste binne Swart kultuur).

Die aard van die akademiese en maatskaplike hulp

Die groot waarde van mentoring lê byna meer in die hulp met sosiale en emosionele probleme as in akademiese hulp, maar dit gaan wel hand aan hand.. Waar moontlik word matrikulante, of studente wat voor hulle studies begin, onder ons aandag kom, onderwerp aan belangstellings- en aanlegtoetse deur ’n

komiteelid wat ’n opvoedkundige sielkundige is (hy bied sy dienste gratis aan en slegs die koste van die toetse word verhaal). Hy stel ’n profiel vir elk op, met wenke oor moontlike studierigtings. Ongelukkig, weens die swak ekonomiese toestande waarin die studente grootgeword het, is hulle aanlegprofiele meestal deprimerend laag en beide die sielkundige en die mentor moet dit vir elke kandidaat in perspektief stel. Ook, vanweë dieselfde omstandighede, voltooi min studente hulle kursusse in die minimumtydperk. Ons gaan van die standpunt uit dat almal ’n tweede kans verdien. Waar nodig word hulpklasse gebied, maar dit is altyd die student se verantwoordelikheid om self die studie-inisiatief te neem.

Benewens die 43 jongmense wat tans ondersteun word, het die mentors steeds kontak met sowat 25 ander, wat nog steeds ’n emosionele band met hulle mentors behou. Maatskaplike en emosionele probleme van huidige studente is legio: van die afsterwe van ’n enigste oorblywende (surrogaat-)ouer, tot verlies van besittings deur ’n rooftog of brand of algemene depressie vanweë hierdie uiteenlopende probleme, tot ongewenste swangerskappe, waardeur ’n kandidaat ook gehelp moet word. Jong enkelouers word tog uiteindelik besonder goeie studente. Kontak word, benewens met huisbesoeke of ontmoetings in die dorp, dikwels met SMS’e of epos gehandhaaf. Sodanige emosionele ondersteuning is kernbelangrik.

Grootse uitdagings en probleme

Sedert September 2015 is die onrus op kampus ’n wesenlike probleem: studente word by geleentheid gedwing om deel te neem aan betogings, of verloor kosbare kontaktyd met dosente, wat onontbeerlik is vir minder begaafde kandidate. Ten minste een student moes vanjaar verskeie vakke herhaal vanweë die 2015 onrus. Verder was daar vanjaar ook die soort maatskaplike probleme soos hierbo toegelig en dikwels ’n hiermee gepaardgaande gebrek aan lewensvaardighede of begrip van finansiële bestuursbeginsels. ’n Groot gebrek is aan ordentlike losies in die nabyheid van die mees gewilde kampusse (UWK, KSUT en Northlink). Vervoer is onbetroubaar. Verder is die stelsel van staatslenings (NSFAS) baie ondoeltreffend en uiters frustrerend vir ons studente. In ten minste een geval moes ’n mentor ingryp waar ’n student wat wel alles in 2015 geslaag het, ’n lening vir 2016 geweier is. Gesondheid is ook ’n probleem vir sommiges. Ook, al het hulle hul kursusse voltooi, het afgestudeerdes nog steeds finansiële ondersteuning nodig totdat hulle ’n werk of ’n internskap bekom.

Grootste vreugdes

Ons studente se oorweldigende dankbaarheid maak dit alles vir die mentors die moeite werd. ’n Besondere vreugde is wanneer hulle self inisiatief toon en self werk vind, of, soos een uitskieter ervaar het, onverwags ’n beurs deur sy of haar universiteit toegeken word om historiese en huidige skuld te delg. Afgestudeerdes se vreugde wanneer hulle gekwalifiseer het en in ’n betrekking staan, is die rede vir die bestaan van die Moederkerk Beursfonds. Sonder hierdie hulp sou hulle nêrens gekom het nie, selfs deel gevorm het van die sogenaamde “verlore generasie”.

<u>Fondsinsameling, Besteding en begroting</u>

Wyse van Fondsinsameling: Tot op hede is fondse geïn deur sporadiese beroepe op gemeentelede se vrygewigheid, met sukses-stories in die *Gemeenteblad* of weeklikse *Bulletin,* of by geleentheid ’n spesiale oproep om ’n bepaalde behoefte te vul, en verder ’n tweejaarlikse besoek van die beurshouers aan die gemeente. Sedert twee studente se Mei 2015 optrede in die Moederkerk (tydens die besoek van ’n groot aantal studente) was daar ’n konstante stroom van kleiner donasies, maar ook enkele grotes.

Maandelikse besteding: Dit is baie moeilik om te begroot omdat daar telkens onverwagte nuwe uitdagings opduik, en daar ook telkens weer ander hulpbehoewende studente onder ons aandag kom. In die afgelope agt maande is sowat R10 700 gemiddeld per student aan 36 studente bestee, met ’n totaal van by die R380 000. Totale besteding vir die jaar sal moontlik in die omgewing van R460 000 beloop (uitgawes plat gewoonlik in November-Desember af).

Begroting vir 2017: Met inagneming van ’n beraamde toename van tien of meer bykomende studente, is die begroting vir die Moederkerk Beursfonds vir 2017 R500 000.

JM Claassen, Voorsitter, Moederkerk Beursfonds **28 Oktober 2016.**